ADMINISTRASIE
VAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR

PROVINSIALE GEBOU, WAALSTRAAT, KAAPSTAD
POSADRES: PRIVAATSAK X.9083, KAAPSTAD 8000

TELEGRAMADRES:
TELEGRAPHIC ADDRESS:
"PROVADMIN"

PROVINCIAL ADMINISTRATION
OF THE CAPE OF GOOD HOPE

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT

PROVINCIAL BUILDING, WALE STREET, CAPE TOWN
POSTAL ADDRESS: PRIVATE BAG X.9083, CAPE TOWN 8000

Mnr. H.C. Barnard
Posbus 102
PLETTENBERGBAAI
6600

NAVRAE ENQUIRIES Mnr. Lourens
TELEFOON TELEPHONE 45-0538
VERWYSING REFERENCE AF.56/1/94

-6. 9. 78

KNYSNA DIVISIONAL COUNCIL
11 SEP 1978
KNYSNA AFDELINGSRAAD

Meneer

VOORGESTELDE VAKANSIE-OORD OP GEDEELTE 14 VAN MATJIESFONTEIN

1. Met verwysing na u bogemelde aansoek moet ek u meedeel dat die Administrateur goedkeuring verleen het, ingevolge artikel 10 van Ordonnansie 33 van 1934 soos saamgelees met die woordverklaring van "Kleinonderverdeling" in artikel 1 van genoemde Ordonnansie, tot die stigting van 'n vakansie-oord op Gedeelte 14 van die plaas Matjiesfontein 304, soos aangetoon op die aangehegte plan F.56/1/94-Z. Hierdie goedkeuring is onderhewig aan die volgende voorwaardes:-

1.1 Die ontwikkeling van 'n eerste fase van nie meer as tien wooneenhede nie en dat elke daaropvolgende fase vooraf na die Administrasie verwys word vir goedkeuring.

1.2 Dat daar binne twaalf maande van die datum van hierdie brief begin word met die ontwikkeling van die eerste fase.

1.3/...

Endossemente

(1) DIE STREEKVERTEENWOORDIGER, DEPARTEMENT BEPLANNING EN DIE OMGEWING, PRIVAATSAK 3912, PORT ELIZABETH 6000 (KNYSNA/11)

(2) DIE STREEKVERTEENWOORDIGER, DEPARTEMENT VAN LANDBOUKREDIET EN GRONDBESIT, PRIVAATSAK X.9024, KAAPSTAD 8000 (064-90041)

(3) DIE SEKRETARIS, AFDELINGSRAAD, POSBUS 9, KNYSNA 6570

Die Byvoegsel waarna in paragraaf 1.3 hierbo verwys word is ook vir u inligting aangeheg.

1.3 Dat u 'n ooreenkoms met die Afdelingsraad aangaan op die basis van die aangehegte voorskrifte.

1.4 Dat die aansluiting van die twee toegangspaaie met Hoofpad No. 11 op voorskrif en tot bevrediging van die Provinsiale Distriksinge=nieur te Oudtshoorn gedoen word.

1.5 Dat u die goedkeuring van die Departement van Landboukrediet en Grondbesit vir die aanbring van die 2 voetpaaie na die strand, verkry.

1.6 Dat u die verskuifbare seewaartse grens van u grond deur 'n vaste grenslyn vervang en dat u ook enige twyfelagtigheid in verband met die werklike grenslyn tussen die staatsgrond en u privaat eiendom uit die weg ruim.

1.7 Dat u 'n voldoende watervoorraad tot bevrediging van die Afdelings=raad verskaf tot tyd en wyl daar by die waterskema vir die gebied Matjiesfontein en Keurbooms ingeskakel kan word.

1.8 Geen duine mag platgestoot word nie en die versteuring van die duineformasie en natuurlike plantegroei moet vermy word.

1.9 Geen melkhoutbome mag verwyder word nie.

1.10 Alle bouplanne moet ook vooraf aan die Administrasie voorgelê word vir goedkeuring.

Die uwe

C. J. VAN TONDER

DIREKTEUR VAN PLAASLIKE BESTUUR

JL/JAH



HO

Note: I

1. Contours o
from a pr

2. The southe
high wate

August 1973

NOTE: II

AMEN

LOCA

DAT

FEBRUARY